Die resep vir spraak: (en latere skryf en lees)

Normale gehoor: Mens moet goed kan hoor, om goed te praat! Babas en peuters hoor hulself en ander en verfyn die spraakmotoriese plan wat hulle uit hul langtermyngeheue oproep om mee te werk. Interaksie met ouers en ander belangrike mense. Jou kind se binding en verhouding met jou is baie belangrik vir sy spraak ontwikkeling. Die feit dat jy elke keer reageer, is hoe hy leer praat. As hy geluidjies maak, rek jy jou oë, boots hom na en prys hom sodat hy dit weer wil doen.

Gesonde artikulasiestrukture. Die artikulasiestrukture is die meganismes wat asemhaling, stemgewing, resonansie en vorming van klanke moontlik maak. Dit behels hoe die klanke in die neus en mondholte klink, die vervorming van die klanke deur die tong en in die mondholte en die verskil in klank as die kakebeen lig of sak.

Ouditiewe verwerking—die kleuter moet spraak kan hoor en volgehoue aandag daaraan kan gee (luister), maar hy moet ook kan hoor dat sekere klanke anders is (onderskei) en uit dit wat hy hoor, moet hy betekenis kan heg aan klanke. (verstaan)

Neurologiese ryping en breinontwikkeling: Spraak het ’n baie spesifieke motoriese ontwikkelingsplan wat anders lyk as die motoriese plan vir byvoorbeeld eet, al gebruik jy vir albei jou mond. Dit is deels omdat die verbindings in die brein wat vir spraak nodig is, eers gevorm moet word en miëlinasie (die vorming van ’n vetterige laag om die senuselle) moet plaasvind sodat die breinbood-skappe wat vir spraak nodig is, vinniger kan beweeg. Spraak het jou mees gesofistikeerde motoriese plan.

Geheue: Jou baba moet kan onthou om te praat. Hy moet patrone na sy werkgeheue (waar hy inligting tydelik berg en daarmee werk) kan oproep, maar ook inligting dieper in die langtermyngeheue kan bêre sodat hy dit elke keer kan herroep as hy wil praat.

Stilte: Gedurige geraas in die klankomgewing meng met taalont-wikkeling in. Dit is geraas soos radio’s en televisiestelle wat gedurig speel of mense wat baie hard met mekaar praat, sonder om met baba te praat. Dit maak dit vir jou kind moeilik om tussen klanke te onderskei en te fokus op sekere klanke om woorde aan te leer. *Enige besorgdheid oor iets wat spraakverwant is, op enige ouderdom, kan met ’n spraakterapeut of oudioloog opgeneem word.*

Keep
praying
FOR YOUR
CHILDREN.
GOD IS
HEARING
YOU.
DrJamesDobson.org
#YourLegacyMatters

In my house...
we protect each other.
DrJamesDobson.org
#YourLegacyMatters